HOëRSKOOL HOPEFIELD

JAARVERSLAG 2023

Master of Ceremonies, guests of honour, ladies and gentlemen, boys and girls, it is an honour to report on the activities of Hopefield High School for the past year. First of all, we need to acknowledge that a large number of our learners who put in a lot of hard work, are not here tonight. We also honour their efforts.

The Grade 12 class of 2022 gave us lots of reason to be proud. We can boast with 3 average A-symbols and 22 average B-symbols. We are also immensely proud of the fact that 89% of our matrics passed with university exemption and with a 100% pass rate, once again! Overall HSH could boast with an average pass rate of 98,5% for the 2022 school year. Our Math Literacy results in Grade 12 got us a place on the national list of the Top 20 achieving schools. Hopefield High School's matric results also placed us as the top achieving school in the West Coast District. Furthermore our results in Afrikaans Eerste Addisionele Taal and Afrikaans Huistaal placed us in the 5th and 19th place respectively in the Western Cape rankings.

Our learners once again excelled in the externally set 2022 Systemic Test assessment in Languages and Mathematics. The Grade 3 class was 49% above the provincial average. The Grade 6 results were 34% above the provincial average and the Grade 9 results were 56% above the provincial average. In an effort to create an environment of academic excellence at HSH, an additional list of achievers was implemented. This list recognised the efforts of learners who have showed the most progress from term to term. We are also proud to report that the HSH Pass is also a stimulus for

improved academic results. Above mentioned results is a clear indication of the quality education taking place in HSH, making our school a sought after institution.

Hopefield High School once again performed excellently in a wide variety of sports. We are proud to report that enthusiastic participation is part of who we are. We sometimes forget how special it is. It is a fact that schools are struggling to get learners to participate in sport. At HSH we are struggling to manage with the huge volumes of learners who want to participate. It is also a fact that we are blessed with enthusiasm in abundance when it comes to our coaches.

Proof of our excellence in athletics was when 38 of our athletes were chosen to represent our school at the Boland Championships where 6 of our athletes were awarded provincial colours and invited to compete at the Western Cape Championships. Five athletes qualified for the South African Championships, namely Mariné Grobler, Elgan de Wet, Anika Basson, Ariana Rust and Tristan Gallant. Elgan and Mariné brought home silver medals-an achievement of note! We also recall our second consecutive victory at the annual Interschool Athletics in Porterville. A goosebump moment!

Fifteen of our rugby players were included in teams for the final Boland trials. Nine were awarded full provincial colours. Congratulations to Tony Milner, Tristan Gallant, Jack Slabber, Ruan van Wyk, Clint Afrika, Heinrich Ebing, Christiaan Beukman, Bronwin Williams and Boeta Schreuder. Boeta and Tristan deserve special mention for their achievements on the rugbyfield as they were awarded provincial colours in fifteens and sevens, Boeta in his second year of playing rugby! In general, all our rugby teams had excellent seasons. Evident of their successes were their inclusions in the top performing schools' national ranking lists.

Three of our netball players were included in the Western Cape netball teams, a phenomenal achievement! Well done to Tessmia Pharo, Lureesha Cleophas and Elsuné Cloete. Seven of our players were

included in the Western Cape Action Netball teams: Luani van Hansen, Surie Kotze, Tessmia Pharo, Michelle Koen, Skye Meintjes, Elsuné Cloete and Mar-Juan Cloete. We are also proud of our West Coast netball players: Mia Carolus, Mienke Teubes, Paris Samuels, Mariné Grobler, Surie Kotze, Luani van Hansen, Skye Meintjies en Michelle Koen. Our amazing first team captain, Elsuné Cloete, travelled to Australia as part of the national U/18 action netball team, another phenomenal achievement! We are also proud of our U/14A, U/15A and U/19A netball teams who returned victorious from the West Coast Top Schools' competition. The quality of netball played this season, the first teams' ranking as a Top 30 school in South Africa, our Junior teams' results, the hard work of our players and the passion of their coaches make us very excited about the future prospects of netball at HSH!

We are also very proud of the hard work and committment of our hockey coaches and players . We were able to field 8 teams this year, produced our second provincial hockey player in Raphael Lawrence and made our appearance on the Top 100 rankings. An Astro turf should certainly be a serious consideration seeing that more and more schools are not willing to play on grass. We are also proud of Emily Turner who had the opportunity to be a member of a hockey touring team to Europe. Heinrich Koeglenberg, Ryeleigh Lentz and Bayla Lentz were selected for the West Coast Cobras indoor hockey team competing at the national tournament in December.

Six of our cricket players were included in their respective West Boland cricket teams. Well done to Grishlan Louw who was included in the Western Cape U/15 cricket team. It is also with pride that we congratulate our U13/A team who has not lost a match since the start of the 2022 season!

We are also proud of Christijan Opperman who was selected for the West Coast U/13 cricket team. We recognise the influence and enthusiasm of our coaches and the hard work of our players.

Well done to Schalk le Roux, Monet Pienaar, Tony Milner, Ruben de Lange, Eric Pienaar, Walter Smith and Yani da Silva who were included in Boland biathlon teams. Tony, Ruben, Eric and Yani had the wonderful privilege to compete at the SA Championships for biathlon athletes.

Well done to our golf teams who are playing regularly in the school leagues with good results. Our primary and high school tennis teams competed regularly in their respective leagues. Learners are also getting the opportunity to play badminton on long days. In addition learners have the opportunity to play chess at a competitive level. We are proud of Shaundré Lewaks, Jared and Jordan Fillis who represented West Coast at the Western Cape Chess Championships.

HSH learners also excelled outside the school's co-curricular programme: Mart-Mari Nel and Mari Nel qualified as surf rescue swimmers. Jade Kruger competed and excelled as a bowls player at provincial and national level. We are also proud of Corné Meintjes and his brilliant performances as a gymnast, especially at national level where he received gold and silver medals for his performance! John Evens brought home a gold medal after competing at the national powerlifting competition in Potchefstroom.

JP Rossouw received national colours for beach angling for the second consecutive year. Carmen Pieters was included in the Western Province Freshwater angling team to compete at the national championships. We also recognise the achievements of our equestrians at national level: Andrea Opperman and Christine van Heerden. Two of our learners represented Weskus Underwater hockey at the National Championships. Well done to Annica Brand and Mari Nel. Luke Holtzman was named as the Junior sportsman of the West Coast District Sports Council for 2023! We are very proud of him!

At one stage this year 26 of our boys and girls were part of the final trials for provincial colours – of the 26, 22 learners received provincial colours in their respective sporting codes, a testimony of the quality of coaching

taking place at HSH! Overall lots of opportunities were created for all our learners participating in sports.

As always, typical Hopefield guts was displayed and this characteristic was clearly illustrated in the fact that our teams boxed way above their weight class almost every time they competed and came out victorious.

HSH is ook bevoorreg om op die gebied van kultuur uitnemende prestasies te lewer. ‘n Absolute hoogtepunt was die Varia Revue van 2023. Wat ons almal rede gee tot groot trots, is die feit dat hierdie produksie die eindresultaat was van gewone HSH-leerders en opvoeders se ongelooflike harde werk. Hulle verdien al die staande ovasies wat hulle ontvang het! Hierdie uitnemendheid is voortgesit met HSH se Eisteddfod-uitslae: Ons leerders verwerf 360 toekennings waarvan 112 cum laude, 166 goud, 75 silwer en 7 brons was. Ons is ook baie trots op ons 32 kategoriewenners. Ons is veral trots op die feit dat ons aantal Eisteddfod deelnemers gestyg het vanaf 224 in 2022 na 360 in 2023! Hierdie uitslae is werklik ongelooflik en is ‘n duidelike bewys dat HSH ook op die gebied van kultuur die gewone dinge buitengewoon goed doen! Ons is verder baie trots op die feit dat HSH se leerders ook buite die strukture van Wes-Boland Eisteddfod presteer het, en dankbaar vir die geleenthede wat die Weskus Musiekakademie vir ons leerders skep.

Ons is ook trots op Daniella van Niekerk, Palesa Theletsane, Ando Goosen en Janco Britz wat as Junior Raadslede van die Saldanhabaai Munisipaliteit verkies is. ‘n Spesiale vermelding ten opsigte van Daniella wat as Junior Burgemeester verkies is. Thinus Moolman, Nina Schwartz en Palesa Theletsane het skitterend presteer tydens die Internasionale Eskom Ekspo deur met silwer en goue medaljes terug te keer. Thinus het ons verder trots gemaak deur ook as die wenner van sy kategorie aangewys te word.

Om in die gehoor te sit as hoof en Mnr en Mej HSH te ervaar of om na die Gr 11 sirkus te luister as deel van die VRL-verkiesing, was ook hoendervleis oomblikke. Dieselfde kan gesê word van die Winterbal en

Matriekafskeid. Die feit dat ons borgeaand meer as R500 000 se borge geïn het, maak ons ongelooflik dankbaar vir die ondersteuning van besighede in die Weskus gemeenskap.

Ons leerders was hierdie jaar bevoorreg om op verskeie sporttoere, kulturele- en opvoedkundige uitstappies te gaan. HSH-busse het oor die lengte en breedte van ons provinsie, en selfs verder, beweeg om ongelooflike herinneringe en geleenthede vir ons leerders te skep.

Die feit dat HSH-leerders en ons leerderleiers op eie inisiatief spontaan betrokke geraak het by minder bevoorregte leerders en geslagsgebaseerde geweld, spreek boekdele van die kaliber leerder in ons skool en wys ons leerders se harte is op die regte plek. Dit was besonder lekker om geestelike verryking te kry tydens Chill-periodes en ons sien duidelik die vrugte van die Jeugkamp in ons leerders.

Ons redaksie van die Snuffels verdien ook spesiale erkenning vir die uitstekende taak wat hulle verrig. Verder het HSH die grootste waardering vir die onbaatsugtige diens wat ons leerderleiers aan die skoolgemeenskap lewer. Ons is baie trots op hulle!

Ons is baie trots op Jano Reynolds wat Die Burger se Jeugleierskonferensie bygewoon het,‘n ongelooflike prestasie as ons in ag neem dat slegs 25 hoofseuns uit die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap gekeur kon word.

Die feit dat Hoërskool Hopefield tot op 17 Oktober, 805 skriftelike aansoeke vir 2023 ontvang het, is ‘n mosie van absolute vertroue in ons skool se dissipline, waardestelsels, die gehalte van akademiese onderrig en in ons toegewyde personeel. HSH se uitstaande sport- en kultuurprestasies speel ook ‘n groot rol in die feit dat Hoërskool Hopefield die voorkeurskool binne en buite die Weskus se grense is. Skoolgetalle het die afgelope 7 jaar gestabiliseer en staan tans op 725, ‘n styging van 10 leerders vanaf 2022. Dit bly een van die grootste uitdagings van skoolbestuur om skoolgetalle te bestuur.

Die feit dat die Beheerliggaam my hande sterker maak met die effektiewe bestuur van die skool, die feit dat ons ‘n gefokusde visie het vir HSH en die personeel absoluut steun, maak skoolbestuur ‘n plesier en verlig die druk op personeel aansienlik. HSH is werklik bevoorreg om ‘n sterk funksionele Beheerliggaam te hê wat die belange van ons geliefde skool altyd voorop stel. Calla, ons salueer jou en jou span!

Dit is ‘n voorreg om te rapporteer dat HSH se ouerbetrokkenheid vanjaar weereens uitstekend was. Dis ‘n feit dat skole met uitstekende ouerbetrokkenheid sentrums van uitnemendheid is en dat u betrokkenheid by HSH tot voordeel van al ons leerders is. ‘n Skitterende voorbeeld van uitnemende oueronderssteuning was Interskole 2023. Vredendal is oorval deur ‘n blou golf van HSH-ondersteuners. HSH en ons leerders is bevoorreg om ouers soos u te hê!

Ons skool is werklik geseën met ongelooflike kinders. Die feit dat hulle jou nog in die oë kyk en groet, dat hulle nog dankie sê, vra hoe dit met jou gaan, dat hulle werklik trots is op hulle skool en dat hulle gedrag en voorkoms ver buite die grense van ons skoolgronde ons almal trots maak, sê baie van hulle waardestelsels. Hulle (Julle) is verseker die grootste rede waarom ek die hoof van geen anders skool wou wees nie!

Vir inspirasie vir die skryf van hierdie jaarverslag gaan krap ek in die argiewe van die skool. In 1938 skryf ‘n vorige hoof: “ As ons Liewe Vader vir Job ‘n skoolmeester gemaak het, sou hy voorwaar geknak het”. Ek wonder baie kere of Meester J.H. Janssen in 1855 ooit kon droom oor die vrug van sy saadjie wat hy toe geplant het, sou lewer. En ek lê alles voor die voete van elke HSH-personeellid!

Baie het verander sedert 1855, maar niks het verander ten opsigte van die kwaliteit van die Hoërskool Hopefield personeel nie. Die sukses van HSH is gesetel in spanwerk, daardie gevoel van ons is een, ons is ‘n familie. En nêrens word dit beter geïllustreer as deur die toewyding en spanwerk van

elkeen in die HSH-span nie. Julle is absolute ysters en ek wil in geen ander span as die HSH-span wees nie!

Ek is werklik geseënd met ‘n formidabele leierspan! Ouers moet weet dat die bestuur van julle skool in bekwame hande is. My regter- en linkerhand, Mnr Jacques Rossouw, verdien spesiale vermelding vir sy lojale ondersteuning. Mnr Jurgens Schreuder, hoof van die laerskoolafdeling, verdien ook lof vir die wyse waarop hy die laerskool bestuur.

Die superintendente en personeel van ons twee koshuise, verdien al die eer wat hulle toekom vir hulle goeie werk en opofferings. Meer as 300 van ons leerders reis elke dag na en van die skool. Baie dankie aan al ons busbestuurders vir hulle toewyding, omgee en ure se konsentrasie op die pad. Ons waardeer julle!

Verder wil ek die Hopefield Sportklub bedank vir hulle ondersteuning aan HSH. ‘n Groot dankie aan al ons borge vir hulle lojale ondersteuning aan HSH!

Dit is duidelik dat die Here ons skool en sy mense seën! Hoërskool Hopefield eer Hom altyd daarvoor!

Marinda, dankie dat jy my passie vir HSH deel! En dankie dat jy verstaan dat HSH so ‘n groot deel van my lewe is!

Meester Janssen, kyk net waar’s ons nou!

Dis ‘n voorreg om julle hoof te wees!

Baie dankie

Wehan Fourie